# Die verhaal van die twee getuies

**Soos gedikteer deur die innerlike woord aan Marietha Nel,**
**`n 17 jarige dogter van Lydenburg, wat ons Verlosser JaHshua baie liefhet**

## JOHANNES

*Woensdag, 31 Oktober 2007 om 10h57*

Wees bly MY volk, Johannes is hier!
EK het hom vir julle gestuur
Hy het gekom om julle harte
Weer na MY te bring
Julle moet hom omring
En vra
Wat hy het om aan jul oor te dra

MY stem weerklink
In sommige harte
Dit werp uit alle smarte
Begin diep dink
Sodat MY stem insink
En EK die KONING kan wees
Van julle harte
En hou saam met MY fees
Julle eie VERLOSSER wil EK wees
EK wil jul verlos van julleself
Begin diep delf
Soek MY woord in jou
Dan kom EK gou!
As jou VERLOSSER,

REDDER,
BROEDER
En VRIEND!

## DIE VERHAAL VAN DIE TWEE GETUIES

# *ELIA*

### HOOFSTUK 1

*31 Oktober 2007 om 16h34*

Johannes en Moses is MY twee getuies, nou aan die einde van die tyd is hulle hier.
MY Johannes in die vlees en Moses in die gees. EK het hulle gestuur sodat julle weet EK is getrou, dit was MY belofte, baie jare gelede. En EK hou dit gestand. Weet dat EK getrou is vir ewig.
EK kom op die wolke, dit is seker en gewis.

Nou die verhaal van MY twee getuies;
Die profeet, Elia, was ’n besondere man en baie gehaat deur die mense. In hom is die engelgees Michael, en hy het nog altyd geywer vir MY. Elia was al voorheen deur MY na die aarde gestuur as die profeet, Sehel,en hy het mense bekeer tot MY.
As Elia het hy weer gekom, om die mensdom ’n les te leer. Die les was om te glo dat EK die EEN is wat maak en wat breek. EK het hom bevry uit alle nood. Hom het EK gestuur om voor die koning te getuig. Dit was na die dae van koning Omri, ’n besonder bose tyd, byna niemand het meer in MY geglo; wees bly dat julle ’n kleine skaar is wat ontwaak. Daardie tyd het net Elia gekom en na hom het Elisa vir MY gewerk. (Die ander profete is vermoor).
Elia het weer gekom as Johannes die Doper, hy het mense in MY Naam gedoop. EK was en is met hom, hy kom om julle harte na MY terug te bring. Hy kom om te vertel van ’n vreeslike droogte wat kom. Dis die droogte in die gees van die mense van die aarde wat MY nie wil dien nie.
Dit sal uit groei, want die antichris, wat die gees van die satan het, is ook in julle midde. Bid sodat hy met sy slim stories julle nie moet verlei nie.
Waak en bid, want die hel is soos ’n sak vol onheil op die aarde uitgekeer.
Die geeste uit die hel probeer julle beïnvloed. Sit hulle teen met al julle krag, EK red en help julle.
En dit was genoeg vir nou.
Die liefde van MY, julle VADER en MEESTER sy met julle.
Amen.

# *Elia*

### HOOFSTUK 2

*31 Oktober 2007 om 17:40*

Dit was in die dae toe koning Agab oor Israel regeer het, hy het met ’n vrou uit Fenisië getrou. Sy was ’n heiden in murg en bloed en wou niks weet om MY te dien nie. Koning Omri het haar vir sy seun uitgesoek om mee te trou, omdat haar volk sy volk sou groot maak in getal en sterk as hulle saam kom om ander aan te val. Agab was trots op sy mooie bruid.
Hy het haar toegelaat om haar afgode priesters saam na Israel te bring. Hulle het tempels gebou en gehoereer.
In daardie dae het een stem vir MY opgeklink, want MY ander profete was vermoor omdat hulle bly waarsku het. Op die dag het EK Elia vir ’n laaste waarskuwing gestuur. Hy het gegaan en soos ’n rots bly staan, en sy woorde was; ‘Agab, hoor die waarskuwing van GOD!’
Agab het hom uitgelag en gesê; ’Ek is die koning, bewys jou GOD, eers dan sal ons HOM ook dien!’
Sy bedoeling was nooit om MY te dien nie, dit was sy spot. Elia het egter gesê; ‘Dit sal nie reën, tot ek die teken gee nie.’
Met die woorde het hy verdwyn en die son het neergebak. Elke koringaar was leeg en die grond het gebars. Die vee het op strepe gevrek en die mense het hulle verskeur en soos wilde diere

opgevreet waar hulle geval het. Ook in julle dae sal daar so ’n droogte wees, want Elia se waarskuwing is tweërlei.
Hy kom julle almal vermaan met die twee droogtes.
Luister na MY en MY boodskapper.
Dit is MY waarskuwing.
EK, JAHWEH, sê dit.
Julle MEESTER vir altyd.
Amen.

## *Elia*

### HOOFSTUK 3

*31 Oktober 2007 om 18h24*

Die groot droogte het drie jare lank geduur. Alles was droog en verdroog, daar was geen kos in die land, vir die mense en die vee. Drie jaar lank is daar vrugteloos na Elia gesoek. Elia was in daardie tyd in die huis van die weduwee waar hy die wonder gedoen het om haar seun uit die dode op te wek.
Elia was vol van MY GEES en EK het hom beskerm. Net soos Koos de la Rey, was Elia MY Naamgenoot. Hy het geywer vir MY, doen julle dit ook. EK stuur julle almal as voorlopers om die vuur van MY in die harte van die, MY toegeneë kinders, te bring. Elia egter, is DIE voorloper van MY wederkoms.
Terug na Elia; hy het drie jaar skuil gehou en hy het weer na Agab gegaan. En hy het begin en gesê; ‘Agab, sien jy, julle het GOD wat ewig lewe, uitgedaag deur die gruwels wat julle gepleeg het. Trek op met die priesters van Baäl na die berg Karmel, en ek sal ook daar wees.’ Met die woorde het hy weer verdwyn.
MY kinders trek julle ook op na Karmel en verslaan daar die priesters van Baäl vir MY.
Dit sê EK, die Ewig Lewende vir julle.
Julle ALLERMEESTER en VADER.
Amen.

## *Elia*

### HOOFSTUK 4

*01 November 2007 om 09h58*

Geseënd is Elia, wat in elke storm en nood bly wag het op MY woord.
Geseën is Elia wat MY geregtigheid wou laat geskied!
Geseënd is Elia wat bly stry het teen die kwaad.
EK het hom gehelp en aangeraak.

Dit is daaroor wat EK gesê het;
Geseënd is hy wat by MY bly
Wat in storm en nood vir MY sal stry

MY kind, jou opdrag is; skryf klaar. Ons begin nou met:
EK is baie dankbaar dat Obadja 100 knegte van MY se lewens gespaar en na hulle woorde geluister het. Maar in daardie tyd toe hulle in die spelonke geskuil het, het EK hulle ook nodig gehad om soos Elia vir MY te getuig. EK sou hulle, netsoos Elia, beskerm het, as hulle met heldemoed op MY woorde bly staan het, en die kwaad sou beveg.
MY kinders, in die tyd wat kom, moet julle vir MY opkom, al is die nag van die gees ook hoe donker. EK sal julle seën as julle vir MY sal stry.
Moenie dat Obadja (julle eie bang gevoel) julle 100 talente (liefde en dade in MY Naam) in die grot van julleself versteek nie. Staan vas en EK sal julle beskerm soos vir Elia. MY kinders, EK sal julle bewaar en uitred in nood. Al is die nood hoe groot.

EK IS die Enige Onsterflike, Ewige GOD.
EK red en help, maar EK laat ook verlore gaan.

Elke een wat hom nie bekeer
Sal ‘n groot les leer.
Kom op vir MY soos Elia
En EK sal julle veilig dra
Want wat julle van MY vra
Sal EK vir julle gee.

Dit sê die ALLERHOOGSTE GOD wat verderf en daar is geen helper nie. Wat MY skape uit elke nood red, en hulle verhoog.

EK, JAHWEH, ALLERHOOGSTE HEMELVADER.
EK wat julle reinig en lei.
JAHSHUA.
JA, die ALLERHOOGSTE.
Amen
Amen.
Luister na MY waarskuwing!
Amen.

## *Elia*

### HOOFSTUK 5

*01 November 2007 om 10h38*

Elia by Karmel.
Elia, MY profeet, het vir hulle by Karmel gaan wag, hy was vol van MY GEES en het geweet wat EK beveel.

Toe Agab en die 450 Baälpriesters daar aankom, het hy vir hulle gesê; ‘Laat ons offers bring, julle vir Baäl en ek vir JAHWEH van die Leërskare in WIE se Naam ek gekom het. Bou julle altaar en offer ‘n bul daarop, maar moenie die vuur aansteek nie, as Baäl GOD is, sal hy vir julle die offer aan die brand steek. Na julle sal ek my offer aan JAHWEH bring, julle sal sien HY is getrou en HY sal my verhoor.
Daarmee wil EK ook vir julle, MY kinders, sê om MY te glo en op MY woord te staan in elke tyd. En EK sal julle verhoor en almal sal weet dat dit EK is wat spreek. Staan op MY woord soos Elia en na hom Paulus Toronto, wat ook in storm en duister na MY geluister het.
Moenie bang wees nie, EK is die GROTE GOD, en sonder MY wil, kan niks gebeur nie.
Dit wil EK, julle VADER, SKEPPER en VERLOSSER JAHSHUA MESSIAH julle op die hart druk.
Onthou dit!
Amen.
Luister!
Amen.

## *Elia*

### HOOFSTUK 6

*1 November 2007 om 10h54*

Die priesters van Baäl het hulle gereedgemaak, hulle offer geslag en begin bid. Soos so baie wêreldlinge, was dit net vir die skyn, hulle het hardop lang gebede begin bid. En gewag dat Baäl hulle moet verhoor.
Hulle het ook rondgetrap en begin dans en luid na Baäl geroep. En hy het hulle nie verhoor nie, want hy was die dooie god uit hulle verstand. EK het hulle ook nie verhoor nie, want EK sal nooit `n gebed verhoor wat in die eerste plek nie na MY opgestuur is nie. EK sou ook nooit hulle verhoor het, wat met geweld aan `n afgod hang, soos `n luis op die rug van `n kat nie.
Julle, MY kinders, weet reeds hoe om tot MY te bid, in al die warmte van ‘n liefdevolle hart, en bedoel wat jy sê, en EK sal julle verhoor en julle sal MY dien in die vuur van MY GEES.
Luister!

Dit sê EK, julle VERLOSSER, HEILAND en HEER.
Amen. Ja, Amen.

## *Elia*

### HOOFSTUK 7

*1 November 2007 om 11h51*

Elia, die enigste profeet in MY Naam daar, die profete in die spelonke is so goed as dood, het hulle later begin spot en gesê; 'Roep harder, miskien slaap julle god net, of hy het dalk iewers heengegaan. Of dalk sit hy met toe oë en dink!'. Elia se spot het die paar mense wat nog goed was, effens laat lag. Die volk was verdeel, baie het gesê dat Baäl god is. Ander wou niks van Baäl weet, dis hierdie handjievol wat nog in MY geglo het, vir wie EK die groot wonder wou doen.
Glo in MY, EK sal julle antwoord en opneem in MY RYK. EK wil nou die grootste wonder weer voor jul oë onthul; Kyk na die kruis op Golgota!
Dit was die grootste wonder ooit, want daardeur, deur MY vergote bloed, kan julle vir die eerste keer ooit, aan die lang verwagte hart van julle VADER kom.
Onthou dit!
Kyk na geen ander wonder, as na MY liefde vir julle nie.
Die ander is net skynwonders, omdat die materie ook net die afskynsel van die werklikheid is.

Dit sê EK.
JAHWEH.
ABBA VADER.
Amen.

## *Elia*

### HOOFSTUK 8

*01 November 2007 om 20h46*

EK het by Elia gestaan. Hy was en is MYNE. EK sal weer by hom staan, EK staan hom nou al lankal by.
Hy het weer begin en gesê; 'Roep nog harder, miskien slaap Baäl nog!'
Die priesters het gedans en geskree, en hulself met messe begin sny. Die lawaai het aangegroei tot 'n helse geskree. En in daardie hel het Elia al hoe sterker na MY geroep in sy hart. EK het sy gebede verhoor voordat hy al gevra het, want EK het hom al gesalf as 'n koning in MY.
In die nederigheid van sy hart het hy altyd in groot liefde tot MY gebid. EK het hom altyd verhoor en nou verhoor EK hom steeds. Hy het MY gesoek in die stilte en hy het MY gevind.
EK is daar, in die stilte van julle harte, gee ag op MY. Bely MY en EK sal julle ook bely. EK spreek in die grootste stilte, MY stem is sag. Hoor MY in jou binneste, dan vrywaar EK jou van smart.
Moet nooit doen soos die priesters van Baäl, gaan in jou binnekamer, jou hart, en bid daar tot MY in die grootste deemoed van jou hart.
Dit geld eerste vir jou, MY swak en lui skrywer.
EK, JAHWEH sê dit vir julle almal ook. Gee ag. Luister!
EK, JAHSUA, die Ewige sê dit sodat almal moet luister.
EK, JAHSHUA.
Ja, JAHWEH.
Amen.
Luister!
Amen.

## *Elia*

### HOOFSTUK 9

*02 November 2007 om 17h54*

Baäl, die dooie god van klip, het nooit sy priesters verhoor, hulle gebede het nooit opgeklim na sy klipoor. MY kinders, Elia het toe begin bid, nadat die valse priesters stilgebly het. Skaars het Elia na MY geroep, of EK het die hemele verlig. EK het gestuur, ‘n grote vuur om die bul, die hout en die altaar te verbrand. Die volk het gesien EK doen MY woord gestand.

Toe Elia roep; ‘Slaan dood die priesters van Baäl’, het baie gehoor gegee.
In ‘n see van bloed
Het die priesters vir al die gruwels geboet.
Nou sê EK, MY kinders, dat julle die kwaad moet uitroei uit julle midde, uit julle eie harte, die midde van julle eie wese is wat EK bedoel. Die geveinsdheid is die priester van Baäl, so wees rein, en nie geveinsd, sodat EK julle op die wolke kan kom haal.
Daarmee sê EK ook wees vol rein gedagtes, en dink altyddeur aan MY, dan sal julle in MY bly, geveinsdheid en leuentaal sal ver van julle wees.
Dit sê EK, JAHWEH, julle ALLERMEESTER.

Wees vol van MY lof en dien MY
Rein en vry
En EK sal jul lei
Want EK is altyd naby
EK doen MY woord gestand
In elke land
Waar mense MY in waarheid dien.
EK, JAHSHUA sê dit.
Amen. O, amen.

## *Elia*

### HOOFSTUK 10

*02 November 2007 om 18h55*

Toe het Elia gesê; ‘ Agab, GOD stuur reën, gaan na die heuwel (op Karmel) wat uitkyk op die weste (die see) en jy sal dit sien!’ *(VADER sê; gaan lees die stuk oor hoe HY reën gegee het in die Bybel. 1 Konings 18;42,46).*
En Elia het voor Agab se wa uitgehardloop (na Jisreël) en was voor Agab daar. Daar het MY woorde weer na Elia gekom. En hy het gesê; ‘ Stuur Jesebel weg, of GOD sal jou straf! Laat die land rein wees van boosheid.’
Agab wou nie luister, en Jesebel was vreeslik kwaad oor die dood van haar priesters. Sy het Elia vervolg sonder dat Agab dit weet, want Agab was bang vir Elia se krag, al het Jesebel hom uitgelag.
Elia het gevlug en in ‘n grot gaan skuil en vurig gebid dat EK na hom moet kom. EK het hom geantwoord en gesê; ‘Staan by die bek van die grot en EK sal na jou kom.’
Elia het by die bek van die grot gaan staan, en winde het gewaai en storms het gewoed, toe het hy gedink dat EK in die storm is.
Maar EK het hom geantwoord en gesê; ‘In die storm was EK nie, wag op MY.’
En Elia het gewag, en daar was ‘n vuur wat voor die bek van die grot gewoed het, toe het Elia begin meen EK is in die vuur van die wet. Maar EK het hom geantwoord en gesê; ‘In die vuur van die wet is EK nie, in die storm van Wysheid is EK nie, wag op MY.’
En Elia het gewag, en daar was skielik ‘n sagte suising, meer in sy hart as in die wêreld. En Elia het MY begin loof, en MY stem het na hom gekom; ‘Sien jy Elia, EK kom saggies, met ‘n baie sagte stem, EK is nie in vure of geweld nie, maar in die liefde!’
Sien, MY kinders, dit is wat julle moet leer, deemoed, sagmoedigheid en reine liefde. In al die dinge is EK.
Dit sê EK, JAHWEH.

Amen.
Ja, amen.
MY woorde is GEWIS.
EK, JAHWEH sê dit. Amen.

VADER, hoekom het U vir my gesê dat Elia in die bek van die grot moes staan, in die Bybel moes hy op die berg gaan staan.

MY kind, by die hoor van MY stem het Elia op die berg gestaan.
Dit sê die Ewige wat Elia en julle geskape het. Amen.

Amen, o, VADER, nou verstaan ek. Amen.

## *Elia*

### HOOFSTUK 11

*03 November 2007 om 10h44*

MY kinders, lees die verhaal van Elia verder in die Bybel, die het EK in kort vir julle vertel. Daar is nie tyd om verder oor Elia uit te wy nie. Hy en sy leerling Elisa was nog ‘n tydjie saam, toe het EK Elia geroep. Elisa wou hom nie verlaat nie, en hy het gesien hoe EK Elia na MY roep.
Elia se mantel het daar op Elisa geval.
MY kinders, leer uit die verhaal dat EK julle ook in die vuur van MY liefde na die hemel wil opneem, net soos vir Elia.
EK verlang na julle tuiskoms. Elisa se mantel is op julle, vertel ander van MY RYK.*(Daar is vir my gesê Elisa se mantel, nie Elia s'n nie: Marietha)*
Amen.
Ja, amen.
Dit sê julle VERLOSSER, julle HEILAND en VADER.
Amen.

## *Johannes*

### HOOFSTUK 12

*03 November 2007 om 10h56*

Daar was ‘n man van GOD gestuur, sy naam was Johannes. Hy het van MY kom getuig. Hy het kom vertel van die wonderwerk wat besig was om te gebeur.
Sy pa se naam was Sagaria, ‘n priester in die tempel. Die ander priesters was jaloers en boos en hulle het Sagaria se pos begeer. Hulle het hom in die Allerheiligste by die altaar verwurg. Die Sagaria was MY Moses. Maar later sal EK die verhaal vertel, nou verder oor Johannes.
Johannes het in die woestyn gebly en hy het ‘n growwe kleed gedra ook het hy net sprinkane geëet. Hy was die stem wat roep in die woestyn, Elia wat EK gestuur het om van MY te getuig.
MY kinders, verstaan dit so; ‘die woestyn was die mense se gees, hulle was droog soos ‘n woestyn. Hy het ook liggaamlik in ‘n woestyn gebly.
Sorg dat julle vrugbare grond is.
Die growwe kleed was algehele deemoed, en so het hy vir MY kom getuig.
MY kinders, wees deemoedig, getuig van MY en julle sal wees soos Elia.
Dit sê die ALLERHOOGSTE GOD, wat maak en breek.
Amen
Ja, amen.

## *Johannes*

### HOOFSTUK 13

*Sondag, 04 November 2007 om 18:54*

Johannes het mense kom doop met water in MY Naam, en hy het kom getuig van die doop van die GEES wat EK kom bring. In die rivier Jordaan het hy gedoop. Daar het hy ook vir MY gedoop en gesê dat dit EK is wat hom moet doop, omdat hy nie werd is om MY skoenrieme vas te maak nie. Daarom sê EK, en druk julle dit op die hart; 'Wees nederig, nederig soos Johannes. 'EK, die EWIGE kan maak en breek, EK maak MY GEES vaardig oor julle, as julle hoogmoedig word, neem EK MY GEES weer weg.
Wees nederig en EK sal jou maak, en die bande van die sonde breek.
Amen. MY kinders .
Amen.

## *Johannes*

### HOOFSTUK 14

*Sondag, 04 November 2007 om 19:21*

EK het meer geword en Johannes minder. Laat EK ook julle alles wees. Johannes het van MY getuig, en EK het 'n getuienis van hom gelewer. EK het gesê; 'Geeneen wat nog ooit uit 'n vrou gebore is, is groter as Johannes nie, maar die kleinste en die minste in die KONINKRYK van die hemele is groter as hy.'
MY kinders, leer daaruit die nederigheid, gee julle heeltemal aan MY oor.
Johannes het van MY getuig, getuig ook so van MY. EK sal ook so vir julle getuig.
Jy, MY nietige skryfkneg, neem dit op in jou lewe en gee jou heeltemal oor aan MY. Vandag het EK van julle getuig.
Vandag, het EK gewys daar is 'n heuwel op Karmel, en na die weste is dit die see. Glo MY in die vervolg.
Wat EK sê is GEWIS.
Waar en getrou is MY woorde en geeneen sal EK terugtrek nie.
Amen.
MY kinders, ken MY in MY woorde.
Wat EK sê is WAAR.
Amen.

## *Johannes*

### HOOFSTUK 15

*Sondag, 04 November 2007 om 19:33*

Johannes het van MY getuig tot in die saal waarin sy hoof bly lê het.
Hy was getrou en EK sal julle ook getrou bly. Luister na MY woorde. Julle moet ook oorwin. EK het vir julle die weg oop gebaan. Johannes het in die gevangenis net een fout gemaak; hy het getwyfel aan die Seun van die mens.
MY kinders, moet julle nie twyfel nie, in die aangesig van laste en pyn,
wees bly,
want EK het julle bevry.
En elke nood
Sal wees soos hemelse brood
Omdat dit julle was en reinig.

So wees bly
Dit is EK wat bevry.

Johannes het opgestaan en as 'n engel van MY, was hy saam met MY by MY verheerliking op die berg. Daar het EK gesê dat hy weer sal kom om julle te kom leer van MY.

Amen.
EK, VADER, sê; amen.
Luister na MY woorde.
Amen.

## *Johannes*

### HOOFSTUK 16

*Maandag, 05 November 2007 om 10:43*

Wees bly MY volk, Johannes is hier!
EK het hom vir julle gestuur
Hy het gekom om julle harte
Weer na MY te bring
Julle moet hom omring
En vra
Wat hy het om aan jul oor te dra.

MY stem weerklink
In sommige harte
Dit werp uit alle smarte
Begin diep dink
Sodat MY stem insink
En EK die KONING kan wees
Van julle harte
En hou saam met MY fees
Julle eie VERLOSSER wil EK wees
EK wil jul verlos van julleself
Begin diep delf
Soek MY woord in jou
Dan kom EK gou!
As jou VERLOSSER,
REDDER,
BROEDER
En VRIEND!

En weer bekragtig EK MY woorde deur 'n ander skryfkneg geskryf; 'Oorwinnend uit die dood sal EK hom weer op sy voete op laat staan, om oorwinnend nog een maal sy weg na MY, sy VADER te kan baan.' (***Uit Openbaring 27 aan Judith de Beer)***

Dit is MY woorde. Herken dit, EK sal besoeking doen aan elkeen wat dit as goedkoop afmaak.
Herken MY.
Luister!
Amen.
EK, die SKEPPER van die heelal.
Amen.

## ***Moses***

**HOOFSTUK 1**

*Woensdag, 07 November 2007 om 18:38*

Dit was in die dae van die farao´s, toe MY volk, Israel verdruk was in die land Egipte. Al die klein seuntjies is vermoor (dink ook toe EK as mensekind gebore is, toe was daar ook die moord van die babaseuntjies). Op ´n dag is daar weer ´n baba seuntjie gebore wat EK bestem het om MY volk uit Egipte uit te lei.
Jy, MY lui skrywer, waar is die verhaal opgeteken?

In die Bybel, VADER.

In watter boek van die Bybel?

Ek weet nie, VADER, is dit in Exodus?

Hoekom het jy nog nooit soveel belanggestel om dit voluit te lees nie? Jy kon baie oor MY verlossing toe EK as mens na julle toegekom het, daaruit geleer het. Nou is dit egter te laat. Luister nou net na wat EK vertel. Julle ander wat dit wel gelees het, sien hoe kom dit nou ooreen met die tyd waarin EK as mens gekom het. Dit stem ook ooreen met julle tyd. Weereens lei EK julle uit Egipte, na die Beloofde land. Hierdie keer is dit nie ´n land op aarde nie, maar die Beloofde land is die KONINKRYK wat EK kom stig het in die harte van MY mense 2000 jaar gelede, en nou stig EK dit weer.
Gee goed ag op wat EK sê, en hou julle aan MY twee gebooie wat EK kom leer het. En onthou altyd, die Liefde is EK, en EK is bo elke wet. Daardeur het EK julle tot wet geword toe EK 2000 jaar gelede gesterf het. EK het gesê dat julle in MY weë moet wandel omdat EK julle weg is.
Het EK MY aan die wette van Moses gehou?

Nee, VADER.

Wat het EK gesê?

U het gesê; 'Die wet was van Moses, die Genade en Waarheid het deur U gekom.'

Dis een van jou eerste goeie antwoorde aan MY, ja, dit is waar. Hou julle daaraan! Glo wat EK vir julle kom leer het, nederigheid, opregtheid, hoop, geloof en bo alles, bo elke ander ding; DIE LIEFDE.
HOU JULLE AAN DIE LIEFDE DAN SAL JULLE LEWE. Julle kan nie anders lewe, as deur die liefde nie, geen ander weg is welgevallig in MY oë nie.
Amen.
Hiermee sê julle MEESTER en VADER,
Amen.

## *Moses*

### HOOFSTUK 2

*9 November 2007 om 19:01*

In die tyd waarvan EK in die vorige hoofstuk gepraat het, is daar ‘n seuntjie gebore. Sy ouers se name was Amram en Jogebed. Hy het ‘n ouer suster gehad, en haar naam was Mirjam. Sy was bestem om saam met haar broers MY volk te bevry. Die babaseuntjie was vir sy ouers so mooi, dat hulle hom weggesteek het as die soldate kom aanklop.
Dit was MY wil, want EK het hom bestem vir ‘n groot werk. Toe hy drie maande oud was, kon sy ouers hom nie meer wegsteek nie, sy ma het ‘n slim plan gemaak deur MY hulp, en ‘n mandjie van biesies gevleg en die seuntjie daarin gesit. Sy het die mandjie in die Nyl laat sak, en deur die pik wat sy om die mandjie gesmeer het, het dit bly dryf.
Die baba se suster Mirjam, het daar naby weggekruip, en die baba dopgehou. Die dogter van farao kom toe daaraan om te bad, en sy sien die mandjie tussen die biesies. Sy stuur toe een van haar slavinne om die mandjie uit die water te trek. Sy sien die seuntjie, en omdat die kind so mooi was, het sy dadelik gesê dat sy die kind as haar eie wil neem.
MY kinders, leer nou die les dat EK altyd voorsien en MY mense beskerm en red uit nood. EK sal MY erfdeel altyd beskerm, moenie bang wees nie.
EK IS altyd naby.
EK IS die EWIGE, ONSTERFLIKE, ALLEENWYSE, HEERSER, SKEPPER en VADER.
Ken MY.
Amen.
Luister!
Amen.

## *Moses*

### HOOFSTUK 3

*Vrydag, 09 November 2007 om 19:18*

Die dogter, Mirjam stap toe vorentoe en vra; ‘Sal ek ‘n vrou soek om hom vir u te soog, u majesteit?’ Die dogter van farao sê toe ja. Die jonge Mirjam was gou terug met haar eie moeder, en so het dit gebeur dat MY kneg Moses tot sy vyfde jaar in sy eie ouers se huis gebly het.
Hy is toe na die dogter van farao geneem, en hy het nie afgewyk van MY gebod nie. Hy het MY klaar in sy hart besit.
Sien julle nou hoe EK voorsien?
Ook sê EK nou vir julle ander om dié verhaal te lees.
Hy het groot geword en hy het eendag tussen die mense van sy volk gewandel, hy het gesien hoe hulle behandel word. Hy het gesien hoe ‘n Egiptenaar en Israeliet baklei, hy het die Egiptenaar doodgeslaan en begrawe.

Leer die les hieruit om altyd die kwaad uit jou eie hart uit roei, netsoos Moses.
Slaan die kwaad in jouself dood, sodat jy kan rein word deur MY vergote bloed.
Amen.
EK, JAHSHUA, julle ALLERMEESTER, sê; ‘Amen’.

## *Moses*

### HOOFSTUK 4

*Sondag, 11 November 2007 om 19:23*

MY Moses het weer onder die volk gewandel, en gesien dat twee Israeliete stry. En hy het hulle gevra hoekom hulle stry. Die een sê toe; ‘ Gaan jy ons ook doodslaan soos jy die Egiptenaar doodgeslaan het?’
MY Moses het geskrik vir die woorde en gevlug na die land van Midian. In Midian was hy ‘n skaapwagter en op ‘n dag was hy weer saam met die skape in die veld, toe hy skielik ‘n bos sien wat brand. Die vuur in die bos het die bos nie uitgebrand nie. Moses het stadig nadergekom en EK

het met hom gespreek en gesê; 'Moses, trek jou skoene uit, want die grond waarop jy staan is heilig.'
MY kinders, daarmee het EK bedoel dat hy, en nou julle, die wêreldse hoogmoed moet uittrek soos skoene, want MY GEES is die heilige GROND waarop julle wandel. Daarmee bedoel EK dat as julle in die liefde wandel, wandel julle in die GEES, wat is heiliger grond as MY GEES?
Dink altyd mooi voor julle praat, en hou julle by MY twee gebooie van die liefde, dan sal daar nooit end wees aan die seëninge nie.
Dit sê EK, julle SKEPPER en FORMEERDER.
Amen.
Nou sê EK; AMEN.

## *Moses*

### HOOFSTUK 5

*Sondag, 11 November 2007 om 21:42*

MY kinders, EK wil 'n bietjie dieper uitwy oor dit wat Moses gesien het. Die bos was vol dorings en in sy gesig het die vuur die dorings se punte stomp gebrand. Het julle al gedink wat alles beteken? Julle is so maklik tevrede gestel deur 'n oppervlakkige verduideliking. Sien dit so; 'EK het vir Moses gewys wat hy sal moet doen, die bos was sy doringagtige pad wat hy gehad het om die volk terug na MY te lei. Sy liefde vir sy mense was die vuur wat die dorings se punte stomp gebrand het. Moses was die sagmoedigste op aarde, en ook daardeur het EK hom gekies. Hy was reg vir die werk wat EK vir hom gehad het.
En julle, MY kinders, is julle al reg? Dink julle dat julle al kan bereik wat julle moet? Nee, sê EK vir julle, julle moet arbei aan julleself. Is dit nie nou die tyd nie?
Dink hieroor na.
EK sal nie baie kan uitwy oor Moses nie, want die tyd is te min, en EK het iets veel diepers om vir julle te sê aan die einde van die boek.
Dink nooit dat EK grappies maak nie, alles wat EK vir julle sê, is nodig vir julle om te weet.
Amen.
EK, JAHWEH.
JAHSHUA MESSIAS.
Amen.

## *Moses*

### HOOFSTUK 6

*Sondag, 11 November 2007 om 21:57*

EK het dat MY Moses terugkeer en julle aan wie EK die boek rig, gaan lees in Exodus oor hulle uittog. Moses was die man wat MY wet op die kliptafels gekry het vir die volk. EK het beveel dat die mense MY moet liefhê met hulle hele hart en hele wese, en jou naaste soos jouself.
Dis die WET wat nou op die vleestafels van julle sagte harte geskryf staan. Verstaan MY goed, MY kinders, EK gee alles vir julle beswil.
Moses het na MY gekom met klagtes oor die volk se traagheid en EK het gesê dit staan hom vry om vir hulle goeie wette te gee om hulle op te hef. EK het hom daarmee gehelp, maar dit was Moses se wette. EK het dit in MY aardse lewe ook die wette van Moses genoem. EK het ook gesê dat die wet van Moses was en dat die genade en waarheid deur MY gekom het.
EK is nou julle wet, EK was die volmaakte wat gekom het, julle hoef nie die wette van Moses te hou nie. EK is geslag vir julle en het julle 'n veel belangriker wet gegee om te onderhou. En vergeet nooit dat EK gesê het dat EK julle wet is nie.
MY kinders, so baie wil EK sê wat eers nog verborge moet bly, omdat julle dit nog nie kan verstaan en dra nie.
Hiermee sluit EK die hoofstuk af.
Amen.

## *Moses*

### HOOFSTUK 7

*Sondag, 11 November 2007 om 22:11*

MY kinders, EK begin dadelik weer met Moses. En EK stuur julle ook soos vir Moses; vertel ander van die wet van die liefde.
EK wil begin met Moses-hulle in die woestyn. Mens kan die woestyn op twee maniere verstaan. Julle trek ook deur woestyn. In elkeen van julle se lewens gebeur daar iets en julle voel dat julle MY nie kan vind nie. Dit is ook 'n woestyn waarin julle veertig jaar bly, oftewel tot julle heeltemal op MY wil inbeweeg het.
EK kom dan en lei julle die Beloofde land binne. As julle net weet hoe MY hart brand om julle in MY Land binne te lei! EK, julle SKEPPER en VADER verlang om julle harte weer ten volle te besit! En dit moet julle wil ook wees, omdat EK nooit iets teen julle wil sal doen vir julle nie.
Verstaan nooit iets wat EK vir julle gee net op een manier nie. EK is oneindig en so ook die woorde wat EK spreek. EK kan julle altyd meer en meer leer van wat EK bedoel het, maar die tyd is vreeslik min. Al wat EK nou nog vra is, soek nou julle skuiling by MY.
EK sal julle lei en julle bring
Na MY huis waar julle MY met liefde sal omring
EK sal met julle wandel
Julle ken MY handel
En weet EK is getrou
EK het nooit berou
Omdat EK alles wyser bestuur
As wat julle ooit sal kan begryp.
Amen.
EK, JAHWEH van die Leërskare.
Amen.

## *Moses*

### HOOFSTUK 8

*Sondag, 11 November 2007 om 22:32*

MY kinders, EK het Moses die Beloofde Land laat sien. Dink julle dat dit nie meer van toepassing op julle is nie? Moses het die Beloofde Land gesien, en eers gesterf en dit toe betree.
MY kinders, deur alles wat EK nou aan julle openbaar, laat EK julle ook die Beloofde Land sien. En ook julle sal sterwe na die vlees, en die land van Gees betree, en julle vlees sal ewig aan die aarde behoort.
MY Moses was 'n getuie van MY en dit sal hy bly tot alles in die ewigheid verdwyn. EK en julle deur MY sal bly vir altyd, so sal Moses vir altyd by MY bly en MY bely.
EK, die Ewige sê;
Amen.

## *Moses*

### HOOFSTUK 9

*Sondag, 11 November 2007 om 22:39*

Hier, MY kinders, wil EK net 'n getuienis inbring; 'Moses was ook deur diep dale met die volk, netsoos julle vandag, maar hy het altyd na MY gekeer en MY aangesig gesoek. Ook julle kan MY sien as julle wil. Maar julle harte sal blink daarvan en nie julle uiterlike gesigte nie. Jou hart is die belangrikste gesig wat jy het. Jou hart is ook 'n spieël, EK sal dit reinig as julle na MY sal strewe. Julle kan ook in Moses se plek voor MY aangesig kom staan as julle die geloof het. Met geloof bedoel EK; Geloof wat julle op MY, wat die Liefde is, gebou het. Geloof alleen is nie vir MY aanvaarbaar nie. Julle harte moet eers deur MY liefde en die offer aan die kruis opgewek word, dan sal jou geloof sterk word, omdat liefde 'n rots is wat nimmer vergaan nie. EK is daardie ROTS wat julle so soek, EK nooi julle om julle op MY te bou. Dan sal julle soos die wyse man wees wat

sy huis op die rots gebou het, en geen stortreëns sal julle laat val nie. Vergelyk dit ook met wat EK gesê het; dat niemand julle uit MY hand kan ruk nie. Geen stortreën beïnvloed die huis op die rots nie.
EK is die goeie HERDER, EK hou julle dop, en geeneen van julle wat MY met julle liefde gryp, sal verlore gaan nie.
Amen.
EK, julle Geliefde JAHSHUA, Man van Smarte, wat vir julle gekruisig is, praat, hoor MY stem wat julle nou saggies die waarheid inlei, deur MY alomteenwoordige GEES.
Amen.

## *Moses*

### HOOFSTUK 10

*Sondag, 11 November 2007 om 22:55*

MY geliefde Moses het weer as Sagaria teruggekeer. Weer het hy by die GEES van alles gekom en die vlees en die dooie werke van sy wet agter gelaat. Hy het weer getrou gebly aan MY
en geseënd is hy wat by MY bly
wat in storm en nood vir MY sal stry.

MY kinders, asseblief, laat nou die vlees, wat die dood in hom borg na. Laat die wet van Moses agter, en vorder na MY wet wat lewend in elke hart is. Luister net, en jy sal weet dat EK soos ALTYD gelyk het. Werk vir MY en moet nie bang wees vir die duister wat om sommige mense is nie. EK behoed julle en EK sal julle nooit verlaat nie.
Geseënd is julle as julle vir MY sal stry
En hy wat by MY bly
Sal nooit gebrek aan geestelike voedsel ly.
Amen.
In al MY liefde.
Amen.

## *Moses*

### HOOFSTUK 11

*Sondag, 11 November 2007 om 23:05*

MY kleintjies, het julle al ooit gewonder wat die wolk is waarin EK met Moses gepraat het? MY kinders, dit beteken dat EK in die GEES met hom gespreek het. Die volk was te bang en wou MY stem nie hoor nie, omdat die stilte van MY spraak vir hulle gedonder het. Dit was te groot vir hulle om te begryp.
Nou spreek EK ook met julle in die wolk.
Salig, salig is hy wat MY woorde glo, hy sal nooit honger en dors kry nie, EK sal hom versadig.
Salig is hy wat na MY inspraak luister, julle het MY gevind.
Salig is julle wat geloof het soos ‘n kindjie, jy sal deel van MY twee getuies wees.
Salig, o, salig is julle wat MY soek, want julle sal MY in alle volheid vind.
Salig is julle wat MY aanskou, want EK het aan julle krone gegee.
Geseënd is julle in MY grote Naam, wat Liefde heet.
MY kinders, amen.
Geseënd, geseënd is julle en rein deur MY gestorte bloed.
Amen.

## *Moses en Elia*

### HOOFSTUK 12

*Sondag, 11 November 2007 om 23:15*

Twee het EK vir MY verwek, EK hoop nou dat julle dit sal begryp. Moses en Elia, Moses staan vir die GEES van LIEFDE en Elia vir die WERKE, dus die vlees van die lewe.
Twee het EK verwek om vir MY te werk, julle gees en julle vlees. Twee werk vir MY, en EK bly altyd naby. Júlle is MY getuies, en dit is WAAR. EK het julle almal verwek om vir MY te werk. MY kinders, twee gemeentes het EK verwek, die olie van die twee olyfbome gee hulle lig. Weer sê EK, en weer; 'Jùlle is MY getuies, EK sal julle in die volle waarheid lei.
EK wil kinders hê
Wat vir MY sê
VADER, ons het U hartlik lief
Jùlle is MY hartedief
Eendag sal julle alles verstaan
Wat julle nou nog nie verstaan.

Daar is nog baie om vir julle te sê, maar julle is nog nie sterk genoeg nie. Neem nou MY skrywer, sy verstaan nie wat EK bedoel nie. Sy tik net omdat dit EK is wat spreek. Maar op die regte tyd sal julle alles verstaan wat EK bedoel.
Hou julle net aan MY liefde, EK sal julle die volle waarheid inlei.
Glo MY en vertrou op MY.
Baie van julle hou aan die letter van die skrif vas en dink dis MY lewende woord, maar die Lewende Woord is EK. EK is die Fontein wat nooit opdroog nie. EK is die Alfa en die Omega. Kom na MY, los die letter uit, kom na MY sodat EK jou in die WAARHEID in kan lei. Die Bybel kan julle nie red nie, EK kan. Julle het nie meer 'n begrip van GEES nie, nou kom EK om julle te verlos uit die vlees, en dus uit die dood.
Dis wat EK met die beelde van Elia en Moses vir julle probeer verduidelik. EK lei julle nou weer uit Egipte na die Beloofde Land, wat MY VADERHUIS is.
Amen.
EK beskerm en verlos julle.
Hou vas aan MY.
Het MY lief met jou hele wese en EK sal jou reinig en opwek.
Dit sê EK, julle VADER, in die grootste liefde van MY VADERHART.
Amen.

EK het vir julle vertel. Wees bly daaroor!

Amen.

## *Aanhangsel tot die 2 getuies*

Verstaan jy nou nog nie van die twee getuies nie? Die twee gemeentes is die liefde en dade in MY Naam. Julle Gees en vlees sal van MY getuig, verstaan dit as julle liefde en julle werke.
Moses en Elia kom, EK sal julle oë open en julle sal MY Moses onder julle sien wandel. Elia kom, dit het EK beloof jare gelede. EK is getrou aan MY woorde en wat EK gespreek het, doen EK verseker.
Verstaan MY woorde nou.
Amen.

En daarmee sê EK breedvoeriger vir julle;
Elia kom, hy is onder julle, EK sal julle geestelike oë open om te sien hoe MY Moses onder julle wandel. Die twee gemeentes is liefde en dade in MY Naam. MY kinders, dit sal so baie soos die sterre wees, as julle julleself heeltemal aan MY oorgee.
MY skrywer, hoekom twyfel jy alweer dat dit EK IS wat praat? Dink jy dat jý die dinge kan uitdink? Is jy regtig so slim? Word nederig en erken dat dit is van MY.
EK verduidelik dit so vir julle, EK het die beelde van Moses en Elia as voorbeeld gebruik, omdat

hulle onder julle wandel. Daarmee het EK vir julle gewys hoe julle moet handel, presies soos MY twee getuies, en julle sal deel van MY twee getuies wees.
Reinig julle harte van elke dubbelhartigheid, en dien MY. Luister na MY woorde, of is julle slimmer as EK?
In MY VADERLIEFDE.
Amen.